# FILIPPENSE

## Paulus en Timoteus skryf aan die gelowiges in Filippi en stuur 'n seëngroet

1 Hierdie brief kom van Paulus en Timoteus, diensknegte van Christus Jesus. Ons skryf aan al God se mense★ in Filippi, al die Christene★, ouderlinge★ en diakens ingesluit.
**2** Die genade★ en die vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus sal met julle wees.

## Paulus dank God vir die gemeente

**3** Elke keer as ek aan julle dink, dank ek God.
**4** Ek bid altyd in al my gebede met blydskap vir julle almal
**5** omdat julle, van die eerste dag wat julle die Goeie Nuus★ gehoor het, tot vandag toe saamgewerk het om dit verder uit te dra.
**6** Ek is oortuig dat God die goeie werk wat Hy in julle begin het, sal voortsit totdat Hy dit voltooi op die dag wanneer Jesus Christus terugkom.
**7** Dit is vanselfsprekend dat ek so oor julle almal voel omdat julle my na aan die hart lê. Julle almal deel saam met my in God se genade★ – wanneer ek in die tronk sit én wanneer ek die waarheid van die Goeie Nuus★ verdedig en bevestig.
**8** God kan getuig hoe ek na julle almal verlang. Ek gee vir julle om met die liefdevolle deernis van Christus Jesus!
**9** Ek bid dat julle liefde vir mekaar meer en meer sal word deurdat julle 'n al beter begrip en 'n fyn aanvoeling ontwikkel.
**10** Dit sal julle in staat stel om dié dinge te onderskei wat regtig saak maak. Dit sal julle ook help om skoon★ en onberispelik te lewe tot op die dag wanneer Christus terugkom.
**11** Dan sal julle hele lewe vol wees van die goeie gevolge★ van julle gehoorsaamheid aan die wil van God – goeie gevolge wat Jesus Christus bewerk het. God sal daarvoor geëer en geprys word!

## Christus word gepreek, selfs in die tronk

**12** Julle moet weet, broers en susters★, dat dit wat met my gebeur het, gelei het tot bevordering van die Goeie Nuus★.
**13** Dit het vir almal hier, ook vir die soldate van die paleiswag★, duidelik geword dat ek in die tronk is ter wille van Christus.
**14** En die meerderheid medegelowiges★ hier is só deur my gevangenskap in hulle vertroue in die Here versterk dat hulle dit al hoe meer waag om oor die boodskap van God te praat sonder om bang te wees.
**15** Daar is wel sommige wat dit doen omdat hulle jaloers is of iets teen my het, maar daar is ook ander wat Christus met goeie bedoelings bekendmaak.
**16** Hulle doen dit uit liefde omdat hulle weet dat ek hier is om die Goeie Nuus★ te verdedig.
**17** Maar dié wat in eiebelang Christus verkondig, doen dit met onsuiwer motiewe. Hulle bedoeling is om die swaarkry van my gevangenskap nog swaarder te maak.
**18** Maar wat maak dit saak? Of hulle motiewe nou onsuiwer of suiwer is – die feit is dat Christus op allerhande maniere verkondig word, en daaroor is ek baie bly!

## Paulus se lewe vir Christus

My blydskap sal ook voortduur,
**19** want ek weet dat deur julle voorbidding en die hulp van die Gees van Jesus Christus alles op my vrylating sal uitloop.
**20** Dit is my strewe en hoop dat ek nooit iets sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil eerder, soos nog altyd, ook nou in my hele bestaan – of ek bly leef en of ek moet sterf – Christus met volle vrymoedigheid verheerlik.
**21** Want vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins.
**22** As ek aanhou lewe, kan ek vrugbaar werk. Ek weet regtig nie wat om te kies nie!
**23** Ek is in 'n tweestryd. Aan die een kant verlang ek om te vertrek★ en bý Christus te wees, want dit is vir my verreweg die beste.
**24** Aan die ander kant is dit vir julle belangriker dat ek bly lewe.
**25** Dit weet ek vas en seker: my blywende betrokkenheid by julle almal sal daartoe lei dat julle groei en blydskap in julle geloof sal beleef.
**26** Dan, wanneer ek weer by julle is, sal julle nog meer rede hê om dit wat Christus Jesus deur my gedoen het, te besing★.

## 'n Leefstyl wat pas by die Goeie Nuus

**27** Hoofsaak is dat julle leefstyl★ moet pas by die Goeie Nuus★ van Christus. Só sal ek dan as ek kom, sién of as ek nie kan kom nie, hóór dat julle met één gees vasstaan en soos 'n span eendragtig saamveg vir ons geloof in die evangelie.
**28** Ek sal hoor dat teenstanders julle glad nie afskrik nie. Vir hulle is dit 'n bewys dat hulle verlore gaan★, maar vir julle is dit 'n bewys dat God self julle red!
**29** Aan julle is immers die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.
**30** Julle voer dieselfde stryd wat julle my vroeër sien stry het. En soos julle gehoor het, duur my stryd nog steeds voort.

## Wees eensgesind en sien in nederigheid na mekaar om

2 Julle is mos deur Christus bemoedig en deur sy liefde getroos! Julle het die gemeenskap beleef wat die Gees bewerk! Julle weet wat omgee en meelewing beteken!
**2** Maak my dan nou heeltemal bly deur eensgesind te wees – één in liefde, één in hart en één in doel.
**3** Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself.

---

**1:1a** Grondteks *al die heiliges*. **1:1b** Grondteks *almal in Christus Jesus*. **1:1c** Of *opsieners*. **1:2, 7a** Of *onverdiende goedheid*. **1:5, 7b, 12b, 16, 27b** Of *die evangelie*. **1:10** Of *rein*. **1:11** Grondteks *vrug*. **1:12a** Grondteks *broers*. **1:13** Of *praetorium*. **1:14** Grondteks *broers in die Here*. **1:23** Of *losgemaak te word*. **1:26** Of *te roem oor wat Christus Jesus deur my gedoen het*. **1:27a** Of *julle lewe as burgers*. **1:28** Of *teken van hulle verwoesting*.

**4** Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien
nie, maar ook na mekaar se belange.

## Volg Jesus Christus se voorbeeld

**5** Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees:
**6** Alhoewel Hy self* God was, het Hy nie vasgeklou
aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie,
**7** maar Hy het dit prysgegee: Hy het 'n slaaf geword
en aan mense gelyk geword. En toe Hy as mens geleef
het,
**8** het Hy Homself nog verder verneder deur tot die
dood toe gehoorsaam te wees, ja, tot die kruisdood toe!
**9** Daarom het God Hom ook tot die hoogste posisie*
verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is
as elke ander naam.
**10** Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam el-
ke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde
buig,
**11** en elke tong sal bely: "Jesus Christus is Here!" En
só sal God die Vader verheerlik word!

## Julle moet ligdraers in 'n donker wêreld wees

**12** My geliefdes, julle was altyd baie gehoorsaam toe
ek by julle was. Noudat ek weg is, moet julle nog meer
gehoorsaam wees. Vol ontsag en eerbied vir God moet
julle voortgaan om aan julle verlossing gestalte te gee.
**13** Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in
julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!
**14** Doen alles sonder kla of teëpraat.
**15** Dan sal julle as onberispelike kinders van God bo
verdenking staan. Julle sal skoon lewe in 'n wêreld vol
oneerlike en perverse mense. Skyn in hierdie donker
wêreld soos helder sterre
**16** deur noukeurig te leef volgens die boodskap wat
tot die lewe lei*. Dan, wanneer Christus terugkom*, sal
ek tevrede wees dat ek nie verniet gejaag en geswoeg
het nie.
**17** Selfs al word my lewe soos 'n drankoffer uitgegiet
bo-op die offer van julle gelowige diens aan God, is ek
bly daaroor en wil ek saam met julle almal bly wees
daaroor.
**18** Laat my vreugde hieroor ook julle vreugde wees!

## Timoteus gaan Filippi toe

**19** Ek hoop om, as die Here Jesus wil, binnekort vir
Timoteus na julle toe te stuur. Dit sal my* goeddoen as
ek weet hoe dit met julle gaan.
**20** Ek beskou Timoteus immers as die enigste persoon
wat met 'n opregte gesindheid aan julle belange aandag
sal gee.
**21** Al die ander soek net hulle eie belang en nie dit
wat vir Jesus Christus saak maak nie.
**22** Julle weet egter hoe Timoteus homself bewys het.
Soos 'n seun sy pa help, het hy saam met my gewerk om
die Goeie Nuus* uit te dra.
**23** Ek hoop om juis hóm na julle toe te stuur sodra ek
duidelikheid het oor my eie posisie.
**24** Ek vertrou dat, as die Here wil, ek self ook binne-
kort na julle toe sal kan kom.

## Epafroditus gaan Filippi toe

**25** Ek het gedink ek behoort Epafroditus, my broer,
medewerker en medestryder, wat deur julle gestuur is
om my in my nood by te staan, na julle toe terug te stuur.
**26** Hy verlang baie na julle almal en was bekommerd
omdat julle gehoor het dat hy siek is.
**27** Hy was regtig doodsiek, maar God het genade*
aan hom bewys – nie net aan hom nie, maar ook aan my –
sodat ek nie nog groter hartseer sou moes verduur nie.
**28** Ek stuur hom dus sommer dadelik terug sodat
julle, wanneer julle hom sien, bly kan wees en ek min-
der bekommerd.
**29** Verwelkom hom dan in die Here met volle blyd-
skap en respekteer mense soos hy,
**30** want vir die werk van Christus het hy by die dood
omgedraai. Hy het sy lewe gewaag om my namens julle
te help.

## Die ongelooflike wins van geloof in Jesus Christus

**3** Verder, my broers en susters*, wees bly omdat jul-
le aan die Here verbind is. Om weer hieroor vir
julle te skryf maak my nie moeg nie, en vir julle gee
dit duidelikheid.
**2** Pas op vir daardie rondloperhonde*, pas op vir
daardie kwaaddoeners, pas op vir die mense van die
versnydenis*!
**3** Ons wat God deur sy Gees* dien, het mos klaar die
ware besnydenis. Ons beroep ons op wat Christus Jesus
gedoen het en nie op menslike dinge* nie.
**4** Nietemin sou ek ook op menslike dinge kon vertrou.
As iemand meen om op menslike dinge te vertrou, ek
nog méér!
**5** Ek is op die agtste dag besny. Ek is 'n gebore Israe-
liet, uit die stam van Benjamin. 'n Egte Hebreër! As lid
van die Fariseërs het ek streng volgens Joodse wette*
gelewe.
**6** Ek was fanaties en het die kerk vervolg! Wat wets-
gehoorsaamheid betref as metode om my saak met God
reg te maak, was ek onberispelik!
**7** Alhoewel ek hierdie menslike dinge eers as 'n wins
beskou het, beskou ek dit ter wille van Christus nou as
'n verlies.
**8** Ja, om Christus Jesus, my Here, te ken is só wonder-
lik dat ek alle ander dinge as 'n verlies beskou. Ter wille
van Hom het ek alles as verlies afgeskryf. Ek beskou dit
as gemors sodat ek Christus as wins kan verkry
**9** en een met Hom kan wees. Ek probeer nie langer
my saak met God regstel deur die wet te gehoorsaam
nie, maar deur in Christus te glo. Deur die geloof stel
God ons saak met Hom reg.
**10** Op hierdie manier kan ek Christus ken en die krag
beleef wat Hom laat opstaan het*. Deur saam met Hom
te ly kry ek deel aan sy dood
**11** in die hoop dat ek die opstanding uit die dood kan
beleef!

## Hoe om as gelowige doelgerig te lewe

**12** Nie dat ek dit alles al bereik het, of al klaar vol-
maak is nie. Maar ek hou aan jaag om dit myne te maak
omdat Christus Jesus my Sýne gemaak het!
**13** Nee, broers en susters*, ek reken self nie dat ek
al is wat ek moet wees nie, maar een ding is seker: ek
vergeet dit wat agter my lê, en strek my uit na dit wat
voorlê.

---

**2:6** Of *in die gestalte van*. **2:9** Of *eer*. **2:16a** Of *woord van die lewe*. **2:16b** Of *op die Dag van Christus*. **2:19** Of *my siel*. **2:22** Of *evangelie*. **2:27** Of *onverdiende goedheid*. **3:1, 13** Grondteks *broers*. **3:2a** 'n Skeldnaam vir persone wat 'n valse evangelie verkondig. **3:2b** Paulus spot deur die "besnydenis" 'n "versnydenis" te noem. **3:3a** Of *in gees dien*. Sommige manuskripte *dien deur die Gees van God*. **3:3b** Of *en nie op die vlees*. **3:5** Of *die wet*. **3:10** Of *die krag van sy opstanding*.

**14** Ek jaag wenpaal toe, na die hemelse prys* wat
God deur Christus Jesus aan my gee.
**15** Almal van ons wat geestelik volwasse is, behoort
hierdie doel te hê. As daar enigiets is waaroor julle an-
ders dink, sal God ook dít vir julle duidelik maak.
**16** Nietemin, laat ons aanhou loop op die pad waar-
mee ons tot hiertoe gekom het.
**17** Ja, broers en susters*, volg my voorbeeld en hou
julle oë op die mense wat volgens ons voorbeeld lewe.
**18** Want – ek het julle al vroeër gesê, en met groot
hartseer moet ek dit nou weer sê – daar is baie wie se
lewe wys dat hulle vyande van die kruis van Christus is.
**19** Ewige vernietiging is hulle uiteinde, liggaamlike
behoeftes* is hulle god en skandelike dinge is hulle
trots. Al waaraan hulle dink, is aardse dinge.
**20** Ons, daarteenoor, het ons burgerskap in die hemel.
Van dáár verwag ons ook die Here Jesus Christus as
Verlosser*.
**21** Hy sal ons vernederde liggame verander in lig-
game met goddelike heerlikheid, soos sy eie. Hiervoor
sal Hy dieselfde krag gebruik as dié waarmee Hy alle
dinge onder sy gesag bring.

**4** My broers en susters*, ek het julle lief en verlang
baie na julle. Júlle maak my bly, ja, op júlle is ek
baie trots. Geliefdes, bly dan nou regtig getrou aan die
Here.

## Laaste opdragte aan die gemeente

**2** Ek moedig sowel Euodia as Sintige aan om hulle
meningsverskille op te los omdat hulle aan die Here
verbonde is*.
**3** En ek vra ook dat jy, getroue kollega*, hulle sal
help. Hulle het hard gewerk saam met my en ook saam
met Klemens en die ander medewerkers om die Goeie
Nuus* uit te dra. Hulle almal se name staan opgeskryf
in die Boek van die Lewe.
**4** Wees altyd bly omdat julle weet dat julle aan die
Here behoort.* Ek sê dit weer: "Wees bly!"
**5** Laat almal sien hoe bedagsaam julle lewe. Onthou:
Die Here kom binnekort!*
**6** Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor
alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle
Hom ook dank vir alles wat Hy doen.
**7** En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink,
sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle
aan Christus Jesus verbonde is.
**8** Ten slotte, broers en susters*, vul julle gedagtes
met alles wat waar, eerbaar, skoon*, suiwer, lieflik en
lofwaardig is.
**9** En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorge-
neem, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede
gee, by julle wees.

## Paulus sê dankie vir die Filippense se ondersteuning

**10** Ek prys die Here met groot blydskap omdat julle
weer 'n slag aan my kon dink. Ek weet julle het eintlik
heeltyd aan my gedink, maar het net nie die geleentheid
gehad om iets te doen nie.
**11** Ek sê dit nie omdat ek iets kortkom nie. Ek het
regtig geleer om onder alle omstandighede reg te kom*.
**12** Ek weet wat dit is om boomskraap te lewe, en ek
weet wat dit is om oorvloed te hê. Ek het lewenservaring
opgedoen vir alle omstandighede, vir wanneer ek ge-
noeg het om te eet én wanneer ek honger is, vir oor-
vloed én tekort.
**13** Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee.
**14** Nietemin, julle het goedgedoen deur my in my
swaarkry by te staan.
**15** Julle, Filippense, weet wat in die beginjare met
die uitdra van die Goeie Nuus* gebeur het. Toe ek van
Masedonië af vertrek het, het geen gemeente behalwe
julle my finansieel ondersteun* nie.
**16** Selfs toe ek in Tessalonika was, het julle meer as
een keer iets gestuur om my te help.
**17** Nie dat ek 'n skenking soek nie; ek soek die resul-
taat daarvan: groter krediet op julle rekening!
**18** Op hierdie stadium het ek alles ontvang – en meer
as genoeg! Met dit wat julle saam met Epafroditus ge-
stuur het, het ek alles wat ek nodig het. Wat julle ge-
stuur het, is 'n lieflike reukoffer waarvan God hou.
**19** Omdat Christus Jesus dit verdien het, sal my God
uit sy heerlike rykdom vir julle voorsien in elke behoef-
te wat julle het.
**20** Aan dié God, wat ook ons Vader is, behoort die
heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen.

## Groeteboodskappe

**21** Dra my groete oor aan Christene* daar. Al die
broers en susters hier by my stuur groete.
**22** Al die ander Christene stuur ook groete, in be-
sonder dié wat in die keiser se paleis werk.
**23** Mag ons Here Jesus Christus se genade* julle
geestelik versterk.

---

**3:14** Of *die prys van bo*. **3:17; 4:1, 8a** Grondteks *broers*. **3:19** Of *die maag*. **3:20** Of *Redder*. **4:2** Of *albei aan die Here behoort*. **4:3a** Of *medewerker*. **4:3b** Of *evangelie*. **4:4** Of *Wees altyd bly in die Here*. **4:5** Of *Die Here is naby*. **4:8b** Of *rein*. **4:11** Of *tevrede te wees*. **4:15a** Of *die evangelie*. **4:15b** Of *'n bydrae gemaak tot my staat van inkomste en uitgawes*. **4:21** Of *heiliges in Christus Jesus*. **4:23** Of *onverdiende goedheid*.